AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse dosent:*
## DEPARTEMENT PUBLIEK- EN PROSESREG

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans deeltydse poste op die Pretoria-kampus vir dosente in Afrikaanse en Engelse Taalvaardigheid in Regskonteks, Internasionale Reg, Strafreg, en Strafprosesreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid beskikbaar. Dit is om op die voltydse kampusmodel te Centurion te doseer.

## POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- Opstel en evaluering van assesseringsaktiwiteite in ŉ kontakleeromgewing
- Lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente
- Kurrikulumontwikkeling

## POSVEREISTES

- ŉ LLM in ŉ publiek- of prosesregdissipline en, in die geval van ŉ prosesregdissipline, toepaslike praktyksondervinding (ŉ LLD sal tot ŉ kandidaat se voordeel strek)
- ŉ Minimum van een jaar toepaslike ondervinding aan ŉ hoëronderwysinstelling
- Ervaring in versnitte leer (blended learning)
- Kennis van en kundigheid in die elektroniese onderrig-en-leer-omgewing
- Goeie taalvermoë in akademiese Afrikaans is onontbeerlik
- Praktykservaring en ervaring in die ontwikkeling van studiemateriaal sal in kandidate se guns tel
- Blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

## VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- Onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- Inisiatief kan neem; oplossingsgedrewe wees
- Vermoë beskik om werk onder druk te voltooi
- ŉ Liefde vir Afrikaans hê
- ŉ Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 26 Augustus 2025 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.